**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**
**(TRANSV AALSE PROVINSIALE AFDELING)**

**(VOLBANK)**

15/4/05

APPEL NR. A352/2003

NIE RAPPORTEERBAAR
In die appèl van

**MOSES MDAKA** **Appellant**

**en**

**DIE STAAT** Respondent

**UITSPRAAK**

**VAN DER WESTHUIZEN, R:**

[1] Hierdie aangeleentheid is 'n appèl teen'n uitspraak van Mavundla WR in die Hoë Hof, Pretoria (oftewel die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof). Die appellant, mnr Moses Mdaka, is as beskuldigde 6 saam met vyf ander beskuldigdes aangekla van moord (die eerste aanklag) en verskeie ander misdrywe. Die verrigtinge het voorgespruit uit 'n beweerde "taxi moord." Hy is op 6 April 2001 aan moord skuldig bevind en daarna tot 20 jaar gevangenisstraf gevonnis.

[2] Nadat' n aansoek om verlof tot appèl deur die verhoorregter geweier is, het die Hoogste Hof van Appèl verlof tot appèl teen die skuldigbevinding toegestaan. (Die appèl is in Afrikaans geargumenteer namens die appellant en die respondent. Om hierdie rede is die uitspraak in Afrikaans.)

[3] In die opsomming van wesenlike feite ingevolge Artikel 144(3)(a) van die Strafprosewet 51 van 1977 is die volgende deur die staat beweer rakende die gebeure wat tot die dood van die oorledene aanleiding gegee het: Daar was 'n meningsverskil met betrekking tot taxi roetes tussen die appellant en beskuldigdes 4 en 5 aan die een kant en die oorledene aan die ander kant, as gevolg waarvan daar saamgesweer/besluit/opdrag gegee is dat 'n sogenaamde "hit-squad" gehuur sou word om die oorledene te vermoor. Beskuldigdes 1, 2, 3, 4, 5, en mnr Louis Mbuli, asook mnr Bonginkosi Praisegod Dubuzane het kort voor die moord in die woning van beskuldigde 4 vergader, waar daar aan hulle 'n AK47 masjiengeweer en twee pistole verskaf is. Daar is ook beplan dat hulle na die Brits taxi staanplek sou gaan waar die teiken aan hulle uitgewys sou word. Daarna het hulle in drie verskillende voertuie na die Brits taxi staanplek vertrek waar die teiken aan hulle uitgewys is. Beskuldigdes 2 en 3, Mbuli en Dubuzane het die oorledene vandaar agtervolg, terwyl hulle in 'n wit LAW gery het op die Brits/Pretoria-pad tot naby Silkaatsnek, waar daar op die oorledene se voertuig gevuur is met die AK47 geweer en 'n 9 mm pistool. Hy is noodlottig gewond en het op die toneel beswyk. Die wapens, die LAW en betaling vir die moord op die oorledene is deur die appelant gereël en/of verskaf. Beskuldigdes 1, 2 en 3, Mbuli en Dubuzane is vir hierdie moord vergoed.

[4] Die regter in die verhoorhof het in 'n lang uitspraak verkeie aspekte van die getuienis in besonderhede uiteengesit. Op bladsy 709 van die rekord sê hy dat die appellant as beskuldigde 6 (soos beskuldigdes 4 en 5) sy reg op stilswye uitgeoefen het, maar dat in die lig van die getuienis hy die appellant se verweer opsom as dat hy op 'n alibi steun deur te beweer dat hy op die dag van die moord te Hebron College was en dat hy verder alle kennis van die misdryf ontken .

[5] Die verhoorhof het die geskilpunte soos volg opgesom (op bladsy 79 van die rekord): "The issues are whether (1) accused no. 4, 5 and 6 instructed accused no. 1, 2 and 3 and Louis Mbuli to go and kill the deceased; (2) accused no. 1 associated himself with the killing of the deceased; (3) accused no. 2 and 3 were justified in the killing of the deceased; (4) accused no. 4 and 5 are guilty

as co-conspirators in the killing of the deceased and whether they can be found guilty of his murder and the possession of the weapons involved."

[6] Volgens die verhoorregter was die volgende gemeensaak: "The deceased was the member of the Letlhabile Taxi Organisation and he had his own taxies as well.The deceased was shot and fatally wounded whilst he was driving a taxi on 6 April 1996. The body of the deceased did not sustain further injuries when it was transported from the scene of the shooting to the hospital, where it was certified dead on arrival, and to the mortuary. Accused 4, 5 and 6 were executive members of the Letlhabile Taxi Association during 1996. Accused no. 6 was the chairperson of the Association. Accused no. 5 was the treasurer of the Association and accused no. 4 was the public relations officer of Association. "

[7] Volgens die verhoorhof was die staat se belangrikste getuie Mnr Louis Mbuli, alias Ntshebe, wat volgens sy eie erkenning in bevel was van die groep wat die oorledene doodgeskiet het. Mbuli was 'n artikel 204 getuie en het vrywaring gekry nadat die hof bevind het dat hy die vrae wat aan hom gestel is bevredigend beantwoord het. Die verhoorhof het die getuienis van Mbuli wesenlik aanvaar. Ander staatsgetuies het ook getuig. Een van hulle was nog 'n medepligtige, Mnr Manzini, wat nie in terme van artikel 204 gewaarsku is nie. Nadat hy die getuienis wat hy aangehoor ontleed het, het die verhoorregter die appellant net op die eerste aanklag - die moord - skuldig bevind.

[8] Op appèl het die advokaat vir die appellant die getuienis van Mbuli ontleed. Hy wys daarop dat hy in verkeie wesenlike opsigte nie die appellant impliseer nie en kom tot die volgende gevolgtrekking (in para 6.27 van sy skriftelike hoofde van argument): "Die vernaamste aspek rakende hierdie getuie se getuienis is die vraag of die Appellant op enige wyse betrokke was al dan nie en gedagtig aan sy getuienis rakende die Appellant se nie-betrokkenheid (by wyse van uitsluiting) by vele aangeleenthede, soos hierbo uiteengesit, behoort die antwoord met eerbied te volg dat die Appellant nie betrokke was nie."

[9] Ten aansien van die getuienis van Manzini, kom die advokaat tot die volgende slotsom in para 7.20: "In ag genome bogenoemde uiteensetting word dit met eerbied aangevoer dat die getuienis van hierdie getuie Geoff Manzini met versigtigheid benader sal word en dat daar geen buitengewone omstandighede bestaan vir die aanvaarding van sy getuienis nie. Die Verhoorhof het met eerbied fouteer om op sy getuinis staat te maak deur te bevind dat sy getuienis gestaaf word deur ander Staatsgetuies. Deur te aanvaar dat sy getuienis deurslaggewend is rakende die Appellant se skuld, is dit met eerbied 'n wesenlike wanvoorligting deurdat daar geen verduidelikings deur die Verhoorhof gegee is vir sy weersprekings op verskeie en wesenlike aspekte nie."

[10] Namens die appellant is ook die getuienis van verkeie ander staatsgetuies ontleed en die verhoorhof se gevolgtrekkings gekritiseer. Namens die appellant is geargumenteer dat hy sy getuienis op 'n bevredigende wyse afgelê het en dat sy weergawe rakende sy nie-betrokkenheid by hierdie misdaad wel redelik moontlik waar kan wees. Dieselfde geld ook vir die submissie dat die appellant nie deel was van enige plan/opdraggewing/sameswering daartoe nie en dat die appellant geen wapens, voertuie en geld voorsien het vir die pleging van hierdie misdaad nie.

[11] Die appellant se advokaat beskou dit as insiggewend dat toe beskuldigdes 4 en 5 getuig het dit aan hulle gestel is deur beskuldigdes 2 en 3 se advokate dat hulle kliënte (hoewel hulle dit nie in hulle verdediging getuig het nie) onder dwang van beskuldigdes 4 en 5 die oorledene gaan vermoor het. Toe die appellant egter getuig het, ɪs geen sodanige stelling deur hulle regserteenwoordigers gemaak dat die appellant hulle sou gedwing het nie.

[12] Die appellant se advokaat argumenteer verder dat die verhoorhof fouteer het om die appellant se weergawe te verwerp en 'n geloofwaardigheidsbevinding teen die appellant uit te bring bloot waar sy weergawe in botsing is met die weergawes van die staat se getuienis, ongeag al die tekortkominge en wesenlike weersprekings soos hierbo uiteengesit. Die verhoorregter het verder fouteer deur te bevind dat die appellant inderdaad die vergadering gereël het

vir die invordering van geld in die lig van die getuienis soos gel ewer deur Mbuli.

[13] Die staatsgetuies wat in die hof getuig het, het in wesenlike opsigte afgewyk van hulle verklarings. Nie een van hulle betrek die appellant in hulle verklarings nie, terwyl elkeen van hulle in hulle getuienis soos gelewer in die hof die appellant op die een of ander wyse impliseer. Dat meerdere getuies dieselfde foute kan maak en dan ander wil impliseer vir die foute wat ingesluip het, kan nie aanvaar word nie. Dit skep 'n grondslag vir agterdog, aldus die appellant.

[14] **In** die lig van bovermelde word dit namens die appellant aangevoer dat daar twyfel behoort te bestaan rakende die skuld van die appellant omrede die staat nie met duidelike en direkte getuienis kon aantoon dat die appellant deel was van die sameswering of besluit of opdrag om die oorledene te vermoor nie en dat hy die wapens, die LAW en die betaling gereël of verskaf het nie.

[15] Namens die respondent is betoog dat die verhoorhof die appellant heeltemal tereg aan moord skuldig bevind het. **In** 'n lywige praktyksnota en skriftelike hoofde van argument gee die advokaat vir die respondent die getuienis volledig weer en ek steun op aspekte van hierdie weergawe.

[16] Die saak van die staat, soos dit blyk uit die getuienis van Mbuli en ander getuies, is kortliks dat Mbuli op 'n stadium 'n vlugteling van die gereg was en vanuit Johannesburg na Maboloka gevlug het. Terwyl hy in Maboloka geskuil het, het hy vasgestel dat beskuldigde 1 homself ook in Maboloka bevind het. Mbuli het na die Brits huurmotorstaanplek gegaan met die doel om beskuldigde 1 op te spoor, aangesien hy laasgenoemde geken het. By die huurmotorstaanplek is Mbuli aan beskuldigde 5 voorgestel en het laasgenoemde Mbuli aangeraai om 'n rukkie te wag. Beskuldigde 5 het 'n rukkie daarna teruggekeer, vergesel van twee mans. Op daardie stadium het beskuldigde 5 opgemerk dat indien Mbuli op soek is na beskuldigde 1, seker aangeneem kan word dat Mbuli ook weet hoe om mense dood te maak. Nadat Mbuli gevra is of hy ook weet hoe om te skiet, het beskuldigde 5 hom

meegedeel dat daar 'n persoon is wat hy (Mbuli) moes gaan skiet. Beskuldigde 5 het Mbuli daarna geneem om die persoon te gaan skiet. Nadat hulle vir ongeveer 10 minute lank gery het, het beskuldigde 5 'n U -draai uitgevoer. Mbuli het op daardie stadium besef dat beskuldidge 5 besig was om hom te toets. Daarna het hulle in die rigting van Letlhabile gery. Onderweg het hulle die huurmotor van die oorledene opgemerk. Hy was besig om passasiers af te laai. 'n Argument het ontstaan tussen beskuldigde 5 en die oorledene. Tydens hierdie argument het Mbuli op 'n stadium die AK47 aanvalsgeweer vanuit die kombi, waarmee hy en beskuldigde 5 gereis het, uitgehaal. Beskuldigde 5 het na die kombi teruggekeer en was sigbaar bang toe hy sien dat Mbuli met die AK47 aanvalsgeweer gewapen was.

[17] Na hierdie voorval het beskuldigde 5 en Mbuli na 'n stokvel vertrek. Met hul aankoms aldaar is Mbuli voorgestel aan beskuldigde 4. Beskuldigde 5 het Mbuli in die geselskap van beskuldigde 4 agtergelaat en het vertrek. 'n Rukkie daama het beskuldigde 5 teruggekeer tesame met beskuldigdes 1, 2, 3 en mnr Dubuzana. 'n Rukkie later het beskuldigde 1 aan Mbuli gemeld dat Mbuli doodgemaak sou word indien hy (beskuldigde 1) nie te kenne sou gee dat hy inderdaad vir Mbuli geken het nie, aangesien beskuldigde 5 gemeld het dat hy nie vir Mbuli vertrou het nie. Op daardie stadium was die appellant nie teenwoordig nie.

[18] Die volgende dag het beskuldigde 5 vir Mbuli en beskuldigdes 1, 2 en 3 kom haal. Beskuldigde 5 het aan Mbuli 'n AK 47 aanvalsgeweer gegee en het opgemerk dat hulle persone te Randburg moes gaan skiet. Die moordspan het in twee voertuie vertrek. Beskuldigde 5 het 'n wit Cressida bestuur en Dubuzana het 'n BMW bestuur. Mbuli en beskuldigdes 1, 2 en 3 het in 'n BMW gereis. Die moordspan het die wit Cressida gevolg tot by Brits waar die moordspan ene 'Mochampe' ontmoet het. Mochampe was een van die leiers vir wie die persone geskiet moes word. Daama het die moordspan na die huurmotorstaanplek in Brits gegaan om die opdrag uit te voer. Die tydige aankoms van lede van SAPD het tot gevolg gehad dat beskuldigde 5 besluit het dat die opdrag om persone te skiet, nie direk uitgevoer moes word nie. Tydens die wagperiode het Mbuli beskuldigdes 1, 2 en 3 en Dubuzana gevra

of die betaling vir die dienste gelewer uitgesorteer was. Beskuldigde 1 het geantwoord dat Mbuli nie oor die betaling bekommerd moes wees nie, aangesien die moordspan se opdrag nie was om ander persone te dood nie maar slegs was om die betrokke huurmotorstaanplek oor te neem. Beskuldigde 5 het egter gemeld dat vervoer beskikbaar sou wees indien daar wel 'n skietery by die huurmotorplek sou wees. Manzini en 'n ander persoon sou die vervoer verskaf. Die moordspan het egter besluit om die optrede op te skort en het teruggekeer na Letlhabile waar beskuldigde 5 die moordspan van alkohol voorsien het. Die appellant was op daardie stadium nie teenwoordig nie.

[19] Volgens Mbuli was daar op daardie stadium sprake daarvan dat 'n persoon gedood moes word, maar was daar nie 'n spesifieke plan in werking nie. Mbuli het beskuldigde 1 gekonfronteer met die doel om 'n plan in werking te stel. Laasgenoemde het aan Mbuli gemeld dat hy nie die Tswana's op hul hoede moes stel nie, maar dat die moordspan slegs moes voortgaan om geld van die Tswana's te neem. Mbuli was tevrede met hierdie verduideliking en vir 'n paar dae lank was geen verdere stappe geneem nie.

[20] Na verloop van vier dae - waartydens geen optrede plaasgevind het nie - het beskuldigde 4 sy ontevredenheid oor die toedrag van sake te kenne gegee. Eers op daardie stadium het Mbuli die appellant leer ken. Die appellant het aan Mbuli gemeld dat hy die voorsitter van die huurmotorvereniging te Letlhabile was en dat Mochampe deel was van die Brits huurmotorvereniging. Volgens die appellant was Mochampe die persoon wat probleme te Brits gehad het. Beskuldigde 4 het gekla dat die moordspan geen werk verrig nie, maar geld geneem en drank geniet het sonder om enige dienste daarvoor te lewer. Beskuldigde 4 het ook aan die moordspan gemeld dat daar wel ander mense is wat die werk kon doen en dat 'n plan ook ten koste van die moordspan beraam kon word.

[21] Op 'n stadium het beskuldigdes 4 en 5 ook aan Mbuli gemeld dat die appellant gedood moes word. Mbuli het egter van die appellant begin hou en het die appellant gewaarsku dat opdrag ontvang was dat die appellant gedood moes word.

[22] Gedurende die middel van Augustus 1996 het beskuldigde 4 aan beskuldigde 5 opdrag gegee om 'n voertuig aan Mbuli te verskaf sodat Mbuli 'n ander voertuig kan gaan kaap. Mbuli en ander persone het toe 'n wit bakkie gaan kaap. Hierdie gekaapte voertuig is later deur die moordspan gebruik op die stadium wat hulle die oorledene agtervolg en doodgeskiet het. Met hul terugkeer na Letlhabile het Mbuli die voertuig bestuur wat deur beskuldigde 5 aan horn gegee was en een van die ander lede betrokke by die kaping het die gekaapte wit bakkie bestuur. Beskuldigde 5 het Mbuli beveel om die bakkie by Mnr Kenny Sibande se woning te gaan parkeer, sodat die voertuig nie vir die algemene publiek sigbaar sou wees nie. Beskuldigde 4 het aan Sibande gemeld dat laasgenoemde die dak van hierdie bakkie sou kry. Die voertuig was daarna op Sibande se perseel geparkeer.

[23] Mnr Kenny Sibande bevestig dat mnr Peter Moeng, beskuldigde 5 en 'n persoon wat hy geken het as 'Ntshembe' gedurende 1996 'n sekere voertuig na sy perseel gebring het. Sibande het aan Moeng, beskuldigde 5 en Mbuli gemeld dat die voertuig op die perseel gelaat moes word en dat hy die volgende oggend die voertuig sou nagaan, nadat hy sy pligte as huurmotorbestuurder nagekom het. Die volgende oggend omstreeks 09:00 het Sibande sy pligte as huurmotorbestuurder nagekom. Met sy terugkeer na sy woning het hy gemerk dat die betrokke voertuig nie meer op sy perseel was nie. Slegs die dak van die betrokke voertuig was op sy perseel agtergelaat. Beskuldigde 5 het die dak 'n later stadium kom afhaal. Op hierdie geleentheid het beskuldigde 5 gearriveer in 'n Ford Courier. Die Mazda Courier en Ford Courier voertuie was vir alle praktiese doeleindes soortgelyke voertuie. Die enigste verskil tussen hierdie twee voertuie was dat die een voertuig se letters in swart geskryf was en die ander voertuig se letters in rooi geskryf was op die agterkant van die onderskeie voertuie.

[24] Die volgende dag (die dag waarop die moordspan vir die oorledene sou vermoor) het beskuligde 5 opgedaag waar Mbuli en beskuldigde 3 oornag het en hulle geneem na beskuldigde 4 se woning. By beskuldigde 4 se woning het hulle ook vir beskuldigdes 1 en 2, Dubuzana en beskuldigde 4 aangetref. Beskuldigde 4 het op hierdie stadium wapens - 'n AK 47 aanvalsgeweer en 'n

Luger 9 mm pistool - aan Mbuli oorhandig. Mbuli het die pistool aan beskuldigde 2 gegee. Die AK 47 aanvalsgeweer het Mbuli aan beskuldigde 3 oorhandig, terwyl hy 'n CZ 75 aan Dubuzana oorhandig het. Beskuldigde 4 het aan die moordspan gemeld dat die 'teiken' nou geidentifiseer was en het verder aan beskuldigde 5 opdrag gegee om die moordspan te volg ten einde te verseker dat die moordspan wel die opdrag uitvoer. Beskuldigde 5 moes ook seker maak dat daar geen lede van die SAPD in die omgewing was nie en moes die moordspan waarsku indien hy lede van SAPD sou opmerk. Beskuldigde 5 het versoek dat die CZ 75 aan hom oorhandig moes word, aangesien hy nie gewapen was nie. Mbuli het die betrokke wapen aan beskuldigde 5 gegee. Op hierdie stadium was die appellant nie teenwoordig me.

[25] Mbuli meld dat die atmosfeer tydens die oorhandiging van die wapens as gespanne beskryf kon word en dat hy besef het dat hyself en die ander lede van die moordspan beseer kon word indien die moordspan nie die opdrag sou uitvoer nie. Voordat die moordspan vertrek het om die opdrag uit te voer, het beskuldigde 1 die ander lede van die moordspan met 'Ntelezi' besprinkel ten einde die moordspan onsigbaar te maak vir hul vyande. Hierna het die moordspan en beskuldigde 5 vertrek na die Brits huurmotorstaanplek waar hulle vir Mochampe ontmoet het.

[26] Beskuldigde 5 het die 'teiken' aan hulle uitgewys. Die moordspan het die voertuig van die oorledene gevolg. Terwyl die moordspan die kombi wat deur die oorledene bestuur was gevolg het, het Mbuli en beskuldigde 3 besluit op watter stadium daar op die oorledene gevuur sou word. Hulle het die instruksies aan beskuldigde 2 en Dubuzana deurgegee. Terwyl die kombi van die oorledene in die rigting van Sonop beweeg het, het Mbuli die voertuig wat hy bestuur het tot langs die voertuig van oorledene gebring. Beskuldigde 3 het ses skote gevuur. Beskuldigde 2 het op daardie stadium ook op die oorledene gevuur. Mbuli het in die voertuig se spieël gekyk en gemerk dat die oorledene inderdaad geskiet was, aangesien hy kon sien dat sy mond oop was, hy in die voertuig gestaan het en beheer oor die kombi verloor het. Vandat die voertuig

gekaap was en tot die stadium dat die oorledene doodgeskiet was het 'n periode van minder as 24 uur verloop.

[27] Onderweg na Brits was die wapens versteek in 'n veld naby Brits. Die voertuig wat tydens die moordtog gebruik was, is te Brits parkeer. Beskuldigdes 2, 3 en Dubuzana het saam in 'n BMW uit Brits vertrek.

[28] Mnr Geoff Manzini bevestig in sy getuienis dat hy gedurende 1996 'n huurmotorbestuurder vir beskuldigde 4 en 'n lid van die Letlhabile Huurmotorvereniging was. Hy is op 'n Vrydag deur beskuldigde 4 beveel om na Brits huurmotorstaanplek te gaan. Mbuli het daar gearriveer en in sy voertuig geklim. Beskuldigde 4 het Manzini toe beveel om langs 'n brug te stop. Mbuli het uitgeklim en na 'n rukkie teruggekeer met 'n sak wat hy (Manzini) voorheen gesien het. Manzini kon sien dat daar wapens in die sak was. Daarna het Manzini vir Mbuli na Letlhabile vervoer. Later die dag het die appellant hom beveel om 'n sekere voertuig by Brits te gaan haal. By die huurmotorstaanplek het Mbuli en Manzini 'n boodskap ontvang (wat na bewering deur die appellant gelaat sou wees) dat hulle na Pappa Sammy se plek moes gaan, waar die res van die moordspan op hulle sou wag. Mbuli en Manzini het daarna na "Pappa Sammy" se plek gegaan. Manzini bevestig in wese hierdie aspek van Mbuli se getuienis. Met hul aankoms by Pappa Sammy se woning het Mbuli en Manzini opgemerk dat daar 'n party gehou was en dat alkohol gebruik was. Mbuli het gehoor dat beskuldigdes 4 en 5 opgemerk het dat hulle bly was oor die goeie werk wat deur die moordspan gedoen was. Beskuldigdes 4 en 5 was bly dat die oorledene gedood was. Op daardie stadium was ander lede van die moordspan ook daar.

[29] Mbuli het aan beskuldigde 5 gevra of die geld ter betaling beskikbaar was. Beskuldigde 5 het geantwoord dat Mbuli nie bekommerd moes wees nie. Kort daarna het Mbuli gehoor dat beskuldigde 5 met 'n persoon oor die telefoon praat. Binne tien minute na hierdie telefoniese gesprek het die appellant ook by Pappa Sammy se woning gearriveer in 'n wit Golf. Beskuldigde 5 het van die teenwoordigheid van die appellant bewus geraak en het opgemerk dat die geld nou gekom het.

[30] Manzini bevestig dat die appellant tydens die betrokke party by Pappa Sammy se woning teenwoordig was. Net voordat hy (Manzini) by Pappa Sammy se perseel wou uitry, het hy gemerk dat die appellant in 'n wit Golf by die perseel imy. Manzini het gewag totdat die appellant Pappa Sammy se perseel binnegery het, alvorens hyself vanaf die toneel vertrek het.

[31] Beskuldigdes 4 en 5 en die appellant het aan die moordspan gevra watter bedrag geld die moordspan verlang het. 'n Bedrag van R45 000 is aangebied en daar is op 'n bedrag van R45 000 ooreengekom, na onderhandelinge. Besku1digdes 4 en 5 en die appellant het gesamentlik onderneem om die moordspan die ooreengekome bedrag te betaal. Mnre Abenego Mh1ongo, Gilbert Mopai en Jacob Raselai bevestig dat 'n bedrag van R45 000 vanaf die huurmotoreienaars ingesamel is in opdrag van die appellant. Hulle bevestig verder dat die appellant die huurmotoreienaars meegedeel het dat die geld ingesamel moes word ten einde die persone wat die huurmotorstaanplek moes beveilig, te betaal vir dienste gel ewer.

[32] Tydens hierdie onderhandelinge het die appellant 'n bedrag geld, te wete R4 000, uitgehaal en aan beskuldigde 5 oorhandig. Beskuldigde 5 het op sy beurt die geld verdeel en 'n bedrag van R800 elk aan Mbuli, beskuldigdes 1, 2 en 3 en Dubuzana oorhandig in die teenwoordigheid van die appellant.

[33] Op 16 Augustus 1996 het die appellant Manzini beveel om 'n sekere voertuig te Brits te gaan afhaal. Aanvanklik moes Manzini die betrokke voertuig alleen gaan afhaal, maar die appellant het later besluit om saam met hom te gaan. Onderweg na Brits het die appellant onder meer aan Manzini gemeld dat hulle moes praat oor wat hy gesien het. Die appellant het hom ook gewaarsku dat hy, Manzini, verby die hek sou loop betekendende dat hy sou weghardloop - of dat sy voorkop op die toeter sou slaan - met ander woorde dat hy geskiet sou word agter die stuurwiel van 'n voertuig. Die appellant het op hierdie stadium ook 'n wapen in Manzini se ribbes gedruk en hom met die kolf van die wapen in sy gesig geslaan. Manzini het 'n tand verloor as gevolg van hierdie optrede van die appellant. Hy weet egter nie of die appellant hom doelbewus of per

ongeluk geslaan het nie. Met hul aankoms te Brits het die appellant aan Manzini 'n sekere voertuig, 'n wit Ford Courier, uitgewys. Die appellant het die sleutel van hierdie voertuig aan Manzini oorhanding. Manzini het die wit Ford Courier voertuig terug bestuur na Letlhabile. Met sy aankoms te Letlhabile Huurmotorstaanplek het hy 'n groep mense daar opgemerk. Hy het ook opgemerk dat beskuldigdes 4 en 5 en ander persone in een van die Huurmotorvereniging se voertuie gesit het. Beskuldigde 4 het hom gevra om nie die wit Ford Courier voertuig na sy eie perseel te neem nie aangesien die perseel onveilig was. Die appellant het Manzini vervolgens versoek om tog maar die betrokke voertuig by sy (Manzini se) perseel te berg. Manzini het die appellant se aandag weer daarop gevestig dat dit nie veilig sou wees om die voertuig op sy (Manzini se) perseel te berg nie.

[34] Die moordspan het probleme ondervind om die balans van die geld vanaf beskuldigdes 4 en 5 en die appellant te ontvang. As gevolg van hierdie probleme het die moordspan besluit om die huurmotorstaanplek te Letlhabile oor te neem. Die moordspan het na die woning van beskuldigde 1 vertrek vanwaar hulle die begrafnis van ene 'Dallas' bygewoon het. In lewe was hy 'n 'hitman' in diens van beskuldigdes 4 en 5. Die moordspan het die volgende Sondag teruggekeer, waarna beskuldigdes 1, 2 en 3 en Dubuzana weggejaag deur beskuldigdes 4 en 5, Mochampe en die appellant. Beskuldigdes 4 en 5, Mochampe en die appellant het egter besluit om Mbuli in diens te hou.

[35] Die advokaat vir die respondent verwys verder in detail na die getuienis van menere Raselayi, Mhlongo, Mopai, Letsoalo en Mapande ("Pappa Sammy") en wys stawing vir die getuienis wat die appellant by die gebeure betrek uit. Uit die getuienis blyk dit onder meer weer dat die appellant aanvanklik nie by die feesvieringe by Pappa Sammy se huis teenwoordig was nie, maar wel later daar opgedaag het, dat die appellant betrokke was by die ooreenkoms om die bedrag te betaal, en dat die appellant betrokke was by die insameling van die geld. Die moontlikheid dat Mbuli en Manzini die appellant vals kan inkrimineer is nie realisties nie.

[36] Alles in ag genome is ek glad nie deur die appellant oortuig dat die verhoorhof fouteer het deur te bevind dat die appellant se skuld bo redelike twyfel bewys is nie. Die getuienis van die staatsgetuies, onder meer Mbuli, impliseer die Appellant terdeë. Mbuli het geweet dat hy as artikel 204 getuie openhartig op vrae moes antwoord om vrywarig te kry. Mbuli het inderdaad vir beskuldigdes 4 en 5 meer as vir die appellant inkrimineer. Hy het die appellant eerder beskerm. Teenstrydighede tussen die getuienis van staatsgetuies en hul verklarings is verduidelik en verstaanbaar. Die appellant se ontkenning van enige kennis van 'n oorlog en ander probleme met die taxis is ook nie oortuigend nie, in die lig van sy posisie as die voorsitter van die vereniging. AIle ander getuies het daarvan geweet.

[37] Die aansoek en om die heropening van die saak het ook geen meriete nie. Die aansoek van beskuldigdes 2 en 3 om die saak te heropen is namens beskuldigdes 4 en 5 en die appellant deur hul advokaat geopponeer. Hoewel die aspekte wat in hierdie verband geopper is moontlik hinderlik is, is dit onwaarsynlik dat heropening tot die appellant se voordeel sou wees.

[38] Gevolglik word die appèl van die hand gewys.

J V van der Westhuizen, R

Ek stem saam.

**L O Bosielo, R.**

Ek stem saam.

H de Vos, WR